# Cachet-biljet

# CACHET
GEREFORMEERDE KERK

## 18 April 2021



**www.gkcachet.org.za**

| Afrikaanse Eredienste | English Worship Service |
|---|---|
| Sondae 09:30 en 18:00<br>In die Gemeentesentrum (GS) op<br>NWU Kampus, Hoffmanstraat 28 | Sundays 10:45<br>In the Church House on the<br>NWU Campus, 28 Hoffman Street |
| **Kerkkantoor** | **Predikant** |
| Dinsdae en Vrydae 08:30-12:00<br>Lulu Coetsee – 018 294 4894;<br>079 4949 7360 | Ds Brahm Robinson – 064 656 1374;<br>brahmrobinson@gmail.com |

## Kontakpersone & Inligting

**Hulppredikante:**
Prof. (Oom) Henk Stoker – 082 327 8921
Prof. ("Net Albert") Albert Coetsee – 084 577 1777

**Pastorale berader:**
Dr. Frans Minnie – 082 787 4583

**Diakonie (vir koskas, nood en skenkings):**
Nardus Buys – 076 413 7273
nardusbuys14@gmail.com

**Susters:**
Lida Robinson – 076 263 4983
robinsonlida@gmail.com

**Jubila-voorsitter:**
Estmia van der Walt – 078 625 7400
estmia.hm@gmail.com

**Koster en Powerpoints:**
Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com

**Stuur enige inligting vir die *Cachetbiljet* na:**
Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com

**Vervoer na eredienste en kerkaksies:**
Zard Aucamp – 061 638 5247

**Bankbesonderhede:**
Gereformeerde Kerk Cachet
Takkode: 632005
ABSA-tjekrekening
Rekeningnommer: 06 7034 0023
Verwysing: wyk, voorletters en van

**Erediens preke en oordenkings:**
http://gkcachet.org.za/preke/

**Psalms begeleiding deur Tilla Labuschagne:**
https://npwepener.wixsite.com/website

# Joint Service

## Rev Brahm Robinson

Scripture reading:

Matthew 6:5-15

Theme: The work of Christ on the cross gives us full confindence that our Father hears our prayers.

Livestreaming: Joint Service

# Aanddiens

## Prof Albert Coetsee

Skriflesing: Hebreërs 11:1-3

Tema: Geloof stel ons in staat om te weet en te sien!

Uitsending: Aanddiens

# Preekskets (Aanddiens)

In Hebreërs 11:1 hoor ons 'n definisie van geloof. Ons kry hier 'n bondige opsomming van twee dinge wat geloof *doen*.

**Geloof stel ons in staat om te weet dat ons sal kry wat God belowe het**

Ons kan vers 1a ook vertaal as: "Geloof is die *onwankelbare waarborg* van die dinge wat ons hoop". Geloof *waarborg* ons dat ons hierdie dinge sal kry; geloof stel ons in staat om te *weet* dat ons dit sal kry.

"Die dinge wat ons hoop" verwys na die beloftes van God wat nog in vervulling moet gaan. God het sekere dinge aan gelowiges belowe; hoop is die verwagting dat Hy daardie beloftes eendag sal laat waar word. Dit is sake soos volkome verlossing, 'n opstandingsliggaam, God wat onder die mens kom woon. Hebreërs 11:1 sê dat geloof ons waarborg dat God eendag hierdie beloftes in vervulling sal laat gaan.

**Geloof stel ons in staat om 'n werklikheid te sien wat ons nie met ons sintuie kan waarneem nie**

Geloof stel ons in staat om dinge te sien wat mens andersins nie kan sien nie. Deur die geloof kan 'n werklikheid waargeneem word wat nie met die sintuie waarneembaar is nie. Dit is sake soos God se bestaan (v6a), sy voorsienigheid (v6b), sy getrouheid (v11), sy krag (v19).

Wat 'n troos is dit nie? Ons kan so maklik aan ons probleme vaskyk. Maar wat ons baie keer vergeet – of wat ons baie kere nie sien nie – is die realiteit van God agter ons probleme. Geloof stel dit juis reg.

**Ons moet vanuit hierdie geloof lewe!**

Ons moet vertrou dat ons nog sal kry wat God belowe het, en met hierdie wete moet ons gehoorsaam wees.




## ***Lief en Leed:***





## **Liefdegawes:**

**Elektroniese betalings van kollektes en bydraes:**

## Vir die werk van die diakonie:

Snapscan vir die eerste kollekte:

SnapScan

PXMP46287

Snap here to pay

https://pos.snapscan.io/qr/PXMP46287

**Oggend 1ste kollekte:**
Instandhouding van die Erediens

EFT vir kollektes:
ABSA Tjekrekening
0670280012
Takkode: 632005
Verwysing:

- Instandhouding van die Erediens

(deponeer elke kollekte apart)

## Vir die werk van die diakonie:

Snapscan vir tweede kollekte:

SnapScan

PVA181324

Snap here to pay

https://pos.snapscan.io/qr/PVA181324

**Aand 2de kollekte:**
Diens van Barmhartigheid

EFT vir kollektes:
ABSA Tjekrekening
0670280012
Takkode: 632005
Verwysing:

- Diens van Barmhartigheid

(deponeer elke kollekte apart)

| Maandelikse bydraes vir onderhouding van die Woordbediening: | |
|---|---|
| Snapscan vir maandelikse bydraes:<br>SnapScan<br>5kcTaV-I<br>Snap here to pay<br>https://pos.snapscan.io/qr/5kcTaV-I | ABSA Tjekrekening<br>0670340023<br>Takkode: 335138<br>Verwysing: Naam, van en wyk |

# VERJAARSDAE:

17 April Marisa de Wet

18 April David Kleyn

22 April Elmarie Borcherds

22 April AJ van der Walt

*U Gedenknaam, HEER, sal leef*
*tot die verste naggeslag.*
*U sal nooit u volk begeef,*
*maar U hou oor hul die wag.*
*Psalm 135:8a*



# Administratief

**1. Attestate**

**Ontvang:**



- Rian Retief vanaf *NG Edleen*
- Carike Labuschagne vanaf *GK Kameeldrift*

**Vertrek:**

- Carmen Nagel na *GK Laeveld*
- Christine Jansen van Vuurend na *GK Magol*
- Ruan dut Toit na *GK Welkom*
- Karlien Erasmus na *VGK Belville*
- Lizeri Eloff na *GK Jeffreysbaai*

**2. Eeredienstye volgende Sondag (25 April)**

As gevolg van die langnaweek sal daar nie 'n Afrikaanse oggenddiens wees nie, maar slegs 'n gesamentlike Engelse oggenddiens om 11:00. Die aanddiens is soos gewoontlik om 18:00.

**3. Cachet 50 Staptoer**

Volgende naweek vind die staptoer om Cachet se 50ste bestaansjaar te vier! Sterkte aan al die stappers en geniet dit!



**Cachet ontvang visitasie op 9 Mei**

Die twee predikante wat aangewys is as visitatore vir ons gemeente is Ds Hendrik Verryn en Ds Willem Steyn. (Volg hierdie skakel vir meer inligting oor visitasie.) Indien enige lidmaat die visitatore wil spreek oor enige saak in die gemeente, kan hulle vir Ds Hendrik Verryn (061 334 1519) kontak.

# Nuus vanaf Admin Buro

## Beroepe ontvang:

Proponent MD Letebele (David) na GK Knapdaar

Proponent Izak van der Westhuizen na GK Boksburg en na GK Kroonstad

## Beroep aanvaar:

Proponent Jaco Linde na GK Witrivier




GK Cachet
Lofsangaand
ter viering van:
Hemelvaart
Donderdag
13 Mei 2021
Na die
Hemelvaartdiens
As jy wil deelneem
aan voorlesing,
koorsang ens.
Kontak: Minette
084 580 4002


10 - 19 JULIE 2021
NAMIBIË-UITREIK
KONTAK: JANCO (079 897 4927)/
LOUIS (072 804 9779)/ ESTMIA (078 625 7400)

CACHET
GEREFORMEERDE KERK

Gereformeerde Kerk Cachet
Hoffmanstr. 28 Posbus 20123
018 299 2588 Noordbrug
079 494 7360 2522
admin@gkcachet.org.za Potchefstroom
www.gkcachet.org.za
fb: Gereformeerde kerk Cachet

07 April 2021

Geagte Meneer/Mevrou

**Namibië-uitreik 2021**

Dit is met groot vreugde en dankbaarheid dat die Gereformeerde Kerk Cachet in Potchefstroom weer in 2021 'n uitreik na Namibië kan beplan. Na twee suksesvolle besoeke in 2018 en 2019, kon ons weens COVID-19 ongelukkig nie in 2020 besoek aflê nie.

Die span beoog om hierdie jaar vanaf 10 – 19 Julie weer werksaam te wees onder die San- en Hererobevolkings van Okakarara en Drimiopsis. Ons dienswerk sal onder andere Bybelverspreiding, huisbesoeke in die dorpies en op plase, daaglikse Evangelisasie by plaaslike laerskole en kleuterskole, sowel as opknappingswerk aan infrastruktuur behels.

Die hoofdoel van ons besoek is om met medegelowiges van reeds gevestigde gemeentes in Okakarara en Drimiopsis die vreugde van die Evangelie en ons eenheid in Christus te deel, tot die versterking van hulle geloof. Bande wat in 2018 al reeds met die inwoners van hierdie gemeenskappe gebou is, word met elke besoek versterk.

Die uitreikspan is egter afhanklik van befondsing vanaf borge om die uitgawes van die uitreik te kan dek, gegewe dat ons 'n noemenswaardige afstand moet reis en die oorgrootte meerderheid van die span uit studente bestaan. Ons benodig ook borge vir die opknappingswerk aan infrastruktuur wat gedoen word.

U bydrae, van watter aard ook al, sal baie waardeer word, van groot hulp wees in ons bediening en 'n blywende impak op die San- en Hererobevolkings in Namibië hê.

**Vir meer inligting kontak:**

Estmia van der Walt (078 625 7400) estmia.hm@gmail.com


Louis Boshoff (072 804 9779)louisbos123@gmail.com

Janco Oosthuizen (079 897 4927) janco.oost@gmail.com

Vriendelike groete

Die Namibië-uitreikspan


Ds Brahm Robinson


Okakarara
2018 EN 2019
SAAM MET DS. BRAHM ROBINSON EN SENDELING THEO SCHUMANN


2018 EN 2019
Drimiopsis
SAAM MET DS. JEREMIA MOLETSANE EN DS. HEINRICH ZWEMSTRA VAN WALVISBAAI

IDEAAL AS GESKENK OF AANDENKING VIR ALMAL WAT POTCH LIEFHET!

# GK CACHET FONDSINSAMELING




# STORIES VAN POTCHEFSTROOM

INTERESSANT EN VERMAAKLIK - DEUR DR. LENNIE GOUWS

R350

KONTAK LIDA - 076 263 4983

# Jubeljaar Merch

Enige bestellings kan by Archelle geplaas word en kan dan betaal en afgehaal word tydens Koffiekroeg.

Dit sal ook tydens Koffiekroeg verkoop word, so kom loer gerus!




Water R10




Sleutel-houers R15

Stickers R10




Koppies R70




KAMERS TE HUUR
2021
OP KAMPUS BY GK CACHET
WATER, LIGTE, INTERNET, PARKERING
EN SKOONMAAKDIENSTE INGESLUIT
SLEGS DAMESSTUDENTE
VANAF R2700 TOT R4400 PER MAAND
PER KAMER
KAMERS IS DEELBAAR, TWEE DAMES PER KAMER
Kontak Brahm
0646561374
brahmrobinson@gmail.com

# Goeie nuus! Die Bybel 2020-vertaling se nuwe besending voorraad is nou beskikbaar!

## Kry vandag nog jou Bybels terwyl voorraad hou!

## Hardeband en Luukse bruin verwerkte leeromslag weer beskikbaar




*Die Bybel 2020-vertaling* was teen die einde van verlede jaar bekendgestel. Hierdie nuwe vertaling het heelwat aanklank by Afrikaans-sprekende Christene gevind, maar die geweldige spoed waarmee hierdie Bybels regoor die land opgeraap is, het meeste van die bindstyle heeltemal uitverkoop.

**Die goeie nuus is dat die nuwe besending Bybels in al die beskikbare bindstyle nou weer by Bybel-Media geskikbaar is.**

*"Dié vertaling is 'n uitstekende poging om, 'n eerlike, akkuraat opgedateerde dog altyd bronteksgetroue weergawe van die Bybel te lese te kry."* – Dr Gustav Claassen

**KLIK HIER OM DIE BYBEL TE KOOP.**

Bestellings kan ook telefonies by 021 864 8211 of per e-pos by bestel@bmedia.co.za geplaas word.

# NOG GOEIE NUUS!

## Die Deuterokanonieke Bybel 2020-vertaling is ook nou beskikbaar!




Die eerste uitgawe van *Die Bybel* met die deuterokanonieke boeke is in 1965 vir die eerste keer gepubliseer. Die deuterokanonieke boeke wat by die 2020-vertaling ingesluit is, is opnuut en op dieselfde manier as die Ou en die Nuwe Testament uit die bronteks vertaal.

**Hierdie top kwaliteit Bybel met sy volledige Bybelteks, verwerkte leeromslag, goud-op-snee en duimindeksering is nou by Bybel-Media beskikbaar.**

**KLIK HIER OM DIE BYBEL TE KOOP.**

Bestellings kan ook telefonies by 021 864 8211 of per e-pos by bestel@bmedia.co.za geplaas word.

# SAAI DIE BROOD VAN DIE LEWE!


Hier is jou geleentheid om die Woord te versprei! Het jy dalk 'n uitreikprogram? Johannes-evangelie werksboekies is nou gratis beskikbaar terwyl voorraad hou! Beskikbaar in Afrikaans, Engels, isiZulu, isiXhosa, Setswana en Sipedi (Noord-sotho).

Stuur asseblief dadelik die vorm (p. 20) terug:
dekker@biblesociety.co.za en vanvuuren@biblesociety.co.za

Jy is ook welkom om bykomende inligting aan te vra!

SHALOM

NOTA: Die boekies in samewerking met ons vennote "Unashamedly Ethical" en "the Pocket Testament League from America"



**bible society** of south africa
**bybelgenootskap** van suid-afrika

200
1820 – 2020

non-profit company
maatskappy sonder winsoogmerk
company registration no / maatskappy registrasieno
2008/007505/08

## BREAD OF LIFE – ORDER FORM 2021

| NAME | SURNAME |
|---|---|
| | |
| **CONTACT NO** | **CELL NO** |
| | |
| **ORGANISATION** | **E-MAIL** |
| | |
| **DELIVERY ADRESS** | |
| | |
| | |
| | |
| | |

| QUANTITY | DESCRIPTION | ISBN |
|---|---|---|
| | ***AFRIKAANS*** – GOSPEL OF JOHN | 978-1-7360680-1-4 |
| | ***ENGLISH*** – GOSPEL OF JOHN | 978-1-7360680-0-7 |
| | ***SEPEDI*** – GOSPEL OF JOHN | 978-1-7360680-2-1 |
| | ***SETSWANA*** – *GOSPEL OF JOHN* | 978-1-7360680-5-2 |
| | ***ISIZULU*** – GOSPEL OF JOHN | 978-1-7360680-3-8 |
| | ***ISIXHOSA*** – GOSPEL OF JOHN | 978-1-7360680-4-5 |

**THANK YOU FOR YOUR ORDER**

**Signature:** ______________________________ **Organization:** ____________________________

Email to Carla Scheffer: scheffer@biblesociety.co.za

p o box 5500
tyger valley 7536 south africa
head office
134 edward street bellville
chief executive officer
rev dt gevers

biblia@biblesociety.co.za
t +27 (0)21 910 8777
f +27 (0)21 910 8799
www.biblesociety.co.za
www.bybelgenootskap.co.za

posbus 5500
tygervallei 7536 suid-afrika
hoofkantoor
edwardstraat 134 bellville
uitvoerende hoof
ds dt gevers

# GK Cachet Kalender: April 2021

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 28 Mrt. | 29 | 30 | 31 | 1 | 2 | 3 |
| 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
| 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 |
| 18<br>Gemeen-skaplike diens<br>Rooipoortjie | 19<br>Woord-bedienings-kommissie vergadering | 20 | 21 | 22 | 23 | 24<br>Cachet 50 Staptoer |
| 25<br>Cachet 50 Staptoer | 26 | 27<br>Vryheidsdag | 28 | 29<br>50 dae uitdaging begin | 30<br>Koningskind ersaksie<br>Klere- en worsbrood-jieverkoping | 1 Mei<br>Werkersdag |